# Fiksie in ŉ wêreld met inligting ŉ vingerklik ver

Dit kan nie maklik wees om Willem Anker te wees nie, skryf **WILLIE BURGER**. Wanneer ŉ nuwe roman van hom verskyn, verwag mense dat dit Iets Groots moet wees.

Anker is immers 'n dosent in skryfkunde aan Stellenbosch waar hy lank saam met Marlene van Niekerk gewerk het en nou in haar groot skoene staan. Boonop is sy vorige werk hoog aangeskryf.

Aanvanklik is dit egter moeilik om vatplek aan sy jongste roman, *Skepsel*, te kry en die leser kan selfs bietjie teleurgesteld voel. Maar moenie te haastig oordeel nie! Dié roman bied baie vir die leser wat bereid is om 'n bietjie te werk.

Anker se debuutroman, *Siegfried* (2007), is met die UJ-debuutprys en die Jan Rabie/Rapportprys bekroon. Vir *Buys* (2014) het hy die *grand slam* van Afrikaanse pryse ontvang: die UJ-prys, die WA Hofmeyrprys, die kykNET-Rapportprys, die Hertzogprys en die Helgaard Steyn-toekenning. *Buys* het 'n besondere blik op die bloedige aard van die Suid-Afrikaanse koloniale verlede gebied en 'n eenvoudige beeld van koloniseerders en gekoloniseerdes, goeies en slegtes, gekompliseer. Die roman het nie slegs met die donker en gewelddadige kant van die geskiedenis omgegaan nie, maar ook onthuts deur die konfrontasie met individuele boosheid, met 'n mens se eie donkerte.


Terwyl *Buys* met historiese stof gewerk het, bied ons eietydse wêreld van kunsmatige intelligensie, robotika en tegnologie wat skakels tussen die menslike senustelsel en rekenaars bewerkstellig, asook ekologiese kwessies, die ryke stof wat in *Skepsel* ontgin word.

Drie verhale word afwisselend in afsonderlike hoofstukke aangebied. Elke afsonderlike verhaal word boonop nie chronologies aangebied nie. Die leser moet kophou. "Slimhuis" is die verhaal van Rebecca wat uit Nederland terugkeer na Suid-Afrika om haar sterwende pa by te staan. Hy woon in 'n eksperimentele "slimhuis" wat met haar ma se stem en toegang tot die internet 'n soort weergawe van haar ma aan die lewe hou. Haar pa eis dat Rebecca ná sy sterwe kompos van sy lyk moet maak deur sampioene daarop te laat groei.

In "Kraken" word die verhaal vertel van 'n kunstenaar (met 'n kameraoog en allerlei ingeplante elektrodes wat verbind is aan sowel rekenaars as haar brein) wat met 'n olietenkskip trou. "Beendere" is die verhaal van 'n vreemde vonds van geheimsinnige "beendere" in Skandinawië wat deur paleontoloë en argeoloë ondersoek word. Een van die wetenskaplikes verdwyn op raaiselagtige wyse en sy minnares probeer haar lewe sonder hom hervat.

Ek het aanvanklik gesukkel om aanklank by enige van die drie verhale te vind. Ten spyte van die ek-verteller in "Beendere" is dit moeilik om by die verteller se lewe en liefde betrokke te raak. Die tweedepersoonvertelling in "Kraken" is vervreemdend, eerder as wat dit 'n soort intimiteit skep – daardie effek wat rubriekskrywers bewerkstellig deur die karakter se belewenis aan te bied as "ons almal" se ervaring. Die derdepersoonsvertelling, met toegang tot die bewussyn van Rebecca in die "Slimhuis"-vertellings, bied eintlik die intiemste leeservaring.

Saam beklemtoon die drie verskillende vertelwyses die beperkte aard van menslike vertelling. Die ingewikkelde vertellings laat die fokus op vertelling as sodanig val, laat 'n mens besef hoedat die maniere waarop ons kan vertel, tekortskiet. Die konvensionele maniere waarop ons sin maak, waarop ons onsself en ons verhoudings met ander, maar veral ons verhouding met die nie-lewende wêreld om ons ondersoek, is beperk en beperkend.



***Skepsel*, Willem Anker (Queillerie, R320)**

## WEN

Wen 'n eksemplaar van *Skepsel* deur Willem Anker. Stuur jou naam en kontakbesonderhede met ANKER in die onderwerpveld na plus50@plus50.co.za voor 12 Mei.

Nieteenstaande die futuristiese wetenskapfiksiegevoel [is die roman] eintlik nie wetenskapfiksie nie.



**Willie Burger** is professor in literatuurstudie aan UP.

Al drie verhaallyne het iets van 'n rommelrige Wikipedia-Google-soektogte-gevoel van inligting wat aanmekaargelas is deur warm soekskakels te volg. (Ek het trouens die roman met my foon in die hand gelees en telkens verwysings gegoogle om uit te vind of die verwysings fiktief is. Dit het my laat besef dat die roman, nieteenstaande die futuristiese wetenskapfiksiegevoel, eintlik nie wetenskapfiskie is nie. Die vreemde tegnologie waarna verwys word, bestaan reeds!) Maar uiteindelik besef 'n mens juis die Google-soektog-gevoel en die vertelwyse is belangrik.

Die twee motto's voor in die roman is rigtinggewend. Die eerste is 'n aanhaling uit HP Lovecraft se kortverhaal "The Festival". Lovecraft is onder meer daarvoor bekend dat hy antroposentrisme (die idee dat die mens die "kroon van die skepping" is, die maatstaf waarteen alles gemeet kan word, dat alles eintlik om die mens en die menslike ervaring draai) met groot agterdog bejeën het. In dié verhaal word verwys na 'n boek, *Necronomicon*, ('n fiktiewe teks oor die dood en duistere magte) waarin teen die gevare van menslike onkunde en onbegrip oor die dinge waaraan hulle karring gewaarsku word.

Veral in "Beendere" word by hierdie idee dat mense nie hul eie plek in die kosmos begryp nie en dat ons nie die gevolge van ons dade besef nie, beklemtoon – en wat die kuborg en AI-ontwikkelings wat in die ander twee verhale voorop gestel word, skielik baie gevaarlik laat lyk.

Die tweede motto kom uit 'n liedjie deur die Australiese rock-groep, Nick Cave and the Bad Seeds. Die lirieke in hul album *Push the Sky Away* berus op die resultate van Google-soektogte. En dit is 'n rigtinggewer by die lees van die roman wat dwing tot nadenke oor die aard van menslike kennis, oor ons onvermoë om 'n greep op al die beskikbare inligting te kry. En die wete dat kennis menslik is, en dat ander kennis buite ons begripsvermoë ook bestaan, vestig ook die aandag op die kontinuïteit tussen lewe en nie-lewe.

Die romankuns (soos die mensdom) staan aan die begin van die 21ste eeu voor talle uitdagings. Wat is die rol van fiksie in 'n wêreld waarin inligting 'n vingerklik ver is, waarin die wetenskap fiksie voorspring? Wat doen die romankuns, wat beperk is tot menslike bewussyn, om 'n onbekende, groter bewussyn te bied?

Romans kan (soos in post-modernistiese romans plaasvind) hul eie ontoereikendheid blootlê. Dit gebeur ook in *Skepsel*. Maar romans kan ook, soos hier die geval is, die leser dwing om na te dink oor die beperkte aard van menslike bewussyn en van ons onvermoë om dit te oorstyg. Maar telkens word tóg ook beklemtoon dat 'n ervaring van sin (hoe ontoereikend ook al) steeds gesoek word in menslike, emosionele verhoudings met ander. ▪

# Kring bevorder lees én welwillendheid

## Die Lindense Leeskring is 'n aktiewe leesgroep wat al langer as 50 jaar bestaan.

Die Lindense Leeskring is in die vroeë sestigerjare gestig en vergader sedertdien maandeliks rondom boeke wat literêre of inhoudelike waarde het, in Afrikaans sowel as Engels.

"Vir ons leeslys oorweeg ons wenners en boeke op kortlyste van verskeie literêre pryse oor die wêreld heen, asook enige ander boek wat 'n lid interessant vind," sê die voorsitter, Laurette van Zijl.

"Ons stel 'n lees- en gasvroulys aan die einde van 'n jaar vir die volgende jaar saam. Die persoon wat 'n bepaalde boek gaan bespreek word dan ook aangewys. Gewoonlik bespreek 'n lid 'n boek, maar ons probeer een of twee keer per jaar 'n gasspreker kry. Onder ons onlangse gassprekers was Willie Burger, 'n ou bekende by ons, Roela Hattingh, Bibi Slippers, Craig Higginson en Dominique Botha."

> Die meeste van die lede van die Lindense Leeskring kan as senior burgers geag word – 'n paar lede het al die 'groot 80' gehaal.

Tydens grendeltyd word vergaderings via Zoom gehou.

"Die meeste van die lede van die Lindense Leeskring kan as senior burgers geag word – 'n paar lede het al die 'groot 80' gehaal," sê Van Zijl.

Die leeskring het 'n hele klompie jaar gelede begin om leesboekies te skenk aan die skooltjie op Makwassie wat Afrikaans as voertaal het. Linde van Zyl, een van die lede wat net buite die dorp boer, is die groot dryfkrag agter die projek.

"Ons wil graag ander leeskringe inspireer (uitdaag) om ook 'n sosiale program te begin wat Afrikaans, lees en welwillendheid sal bevorder," sê Van Zijl. ▪

Leeskringe – hoe groot of hoe klein ook al – wat iets omtrent hul samestelling en werkwyse wil deel kan e-pos stuur na plus50@plus50.co.za.